SA uniek ingelig oor veldbrande

JOHANNESBURG. – Daar steek meer as brande agter die rooi kolletjies wat Suid-Afrikaanse TV-kykers weer verlede week op 'n veldbrandkaart in die weerberig op SAUK-kanale gesien het.

Die uitsending van dié aktiewe veldbrandkaarte deur die SAUK is die eerste in sy soort in die wêreld. Die openbare uitsaaier wys 'n kaart van veldbrande soos wat dit op verskillende plekke woed, het me. Biffy van Rooyen, woordvoerder van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), gesê.

Die kaarte is deur die WNNR en Eskom ontwikkel as deel van die gevorderde brandinligtingstelsel en wys brande wat die voorafgaande 12 uur deur satelliete opgespoor is.

Elkeen van die rooi kolletjies op die kaart verteenwoordig 'n veldbrand van 200 m tot 1 000 m groot. Die brande word geregistreer deur 'n sensor op twee Nasa-satelliete. Die kombinasie van afstandwaarneming en selfoontegnologie sodat 'n SMS met inligting gestuur kan word, is die eerste in sy soort. – (Nicoleze Mulder)

Algoabaai-Rotariërs kry vroue-president